

6 April

Skrifgedeelte: Lukas 18:1-30

Fokusgedeelte: Lukas 18:9-14

Waak teen geestelike hoogmoed!

'n Mens kan helaas ook op 'n verkeerde manier “dankie” sê. Wat het die verskil gemaak tussen die twee bidders van Jesus se gelykenis? Is dit miskien die feit dat die Fariseër 'n blote ydeltuit was, terwyl die tollenaar 'n ootmoedige mens in die oortreffende trap was?

Nee. So eenvoudig is dit nie. Om dus die verskil tussen die Fariseër en die tollenaar se gebede te ontdek, moet ons as 't ware ons hand ágter Jesus se verhaaltjie gaan indruk. Hier lê die kruks. Want as 'n mens jouself wil ken, moet jy 'n maatstaf hê waarvolgens jy kan meet.

En presies hierdie meetproses lê die verskil tussen die twee manne bloot! As die Fariseër sy staanplek voor God wil bepaal, moet hy “na onder” meet. Hy maak die tollenaar tot sy maatstaf, en daarom kan dit nie anders as dat hy moet goed voel oor homself nie. Hy troos hom dus aan die foute van 'n mens wat nóg laer as hy op die leer van heiligheid staan, en dit gee aan hom 'n wavrag valse selfvertroue en selfverheffing.

Maar vir die tollenaar wat met sy donker gewete in skaamte voor God staan, is daar geen tyd om met ander mense besig te wees nie. Hy keer (saam met die verlore seun) naak en gestroop van die “eie ek” terug na die Vaderhuis, en daarom meet hy hom “boontoe”. God alleen is sy maatstaf, en daarom is daar slegs plek vir sondebeseft en skuldbelydenis. Hy wanhoop aan homself. Hy offer sy “leë self”, maar juis daarom vind hy genade.

Wees dus dankbaar oor jou geestelike rykdomme, maar moenie jouself in eiewaan voor God verhoog nie. Moenie jou gebede gebruik om God aan jou voortrefflikhede te herinner nie. Meet na bo en verneder jou in waarheid voor die alsiende God. Dan sal Hy jou verhoog!

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Ds JJ Cloete (Koster)]